higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

27 Julie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 1 formuleblad.

049Q1G2127

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Ergonomie is die wetenskaplike studie van mense en hul werkomstandighede ten einde hul doeltreffendheid te verbeter.

Noem VIER faktore wat by ergonomie betrokke is. (4)

1.2 Verduidelik wat bedoel word met: *koste is 'n konsepwaarde*. (2 × 2) (4)

1.3 Beskryf hoedat produktiwiteit van masjinerie verbeter kan word en ongelukke wat deur masjinerie veroorsaak word, geminimeer kan word. (4)

1.4 Lys Maslow se behoefteshiërargie in die korrekte volgorde en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

1.5 Definieer die term, *rykdom*. (3)
[25]

VRAAG 2

2.1 Bespreek die rol wat ouderdom by die ingesteldheid en aanpasbaarheid van mans en vrouens speel. (4 × 2) (8)

2.2 Wanneer noodhulp op 'n beseerde pasiënt toegepas word, is dit krities om te probeer om infeksie te voorkom.

Noem VYF oorsake van infeksie by die behandeling van wonde. (5)

2.3 Noem VYF versteekte (indirekte) kostes wat aan 'n industriële ongeluk gekoppel kan word. (5 × 1) (5)

2.4 Lys SEWE kategorieë waarin ongelukke verdeel kan word. (7)
[25]

VRAAG 3

3.1 Vergelyk *hoë* en *lae moraal* in die werksituasie. (2 × 2) (4)

3.2 'n Uitkeerpolis ('emdowment policy') word as persoonlike versekering beskou.

Beskryf in detail wat *uitkeerpolisse* behels. (3 × 2) (6)

3.3 Wat is die verskillende maniere waarop organisasies gestruktureer kan word? (3 × 1) (3)

3.4 Noem TWEE tipes stakings wat algemeen in Suid-Afrika plaasvind. (2)

3.5 Noem VYF kommunikasiemetodes wat in die werkplek gebruik kan word. (5)

3.6 Verduidelik VYF verantwoordelikhede van 'n toesighouer in die werkplek. (5)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Bespreek Douglas McGregor se teorie X en teorie Y. (4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik VYF funksies van die Nywerheidshof in detail. (5)

4.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.12) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.3.1 Die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika het tot georganiseerde arbeidsverhoudinge aanleiding gegee.

4.3.2 Voorsiening van personeel deur die bestuur lei tot interpersoonlike verhoudings tussen die bestuur en ondergeskiktes.

4.3.3 Industrialisasie het in 1940 baie aktief geword.

4.3.4 Die belangrikste doelwit van arbeidsverhoudinge is die vestiging en onderhoud van samewerking.

4.3.5 Die skikking van geskille en die hantering van griewe kan slegs deur gesamentlike onderhandeling bereik word.

4.3.6 Gesamentlike bedinging speel 'n belangrike rol tydens die skikking van geskille en griewe.

4.3.7 Die Bedryfsraad bestaan slegs uit bestuurslede.

4.3.8 Alle mense, of hulle in diens of werkloos is, moet aan 'n vakbond behoort.

4.3.9 'n Vakbond kan gedefinieer word as 'n durende, tydelike organisasie wat deur die werkers geskep is om hulself in die werkplek te beskerm.

4.3.10 Bestuurspersoneel word nie toegelaat om aan enige vakbond te behoort nie.

4.3.11 Volgens die Suid-Afrikaanse handelswette mag werkers aan meer as een vakbond behoort.

4.3.12 COATU is die tweede grootste vakbond in Suid-Afrika.

(12 × 1) (12)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(i) $$Accident\ frequency\ rate = \frac{Number\ of\ \ lost-time\ injuries \times 10^6}{Number\ of\ \ man-hours\ worked}$$

$$Ongeluksfrekwensiesyfer = \frac{Getal\ verlore tydbesering s \times 10^6}{Getal\ man-ure\ gewerk}$$

(ii) $$Seriousness = \frac{Number\ of\ \ days\ lost \times 10^3}{Number\ of\ \ man-hours\ worked}$$

$$Ernstigheid = \frac{Getal\ dae\ verloor \times 10^3}{Getal\ man-ure\ gewerk}$$

Kopiereg voorbehou